

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
desember 2019



"Moderne skaapwagters"
Lensopening f8; Sluiterspoed 1/200 sekonde; Fokale lengte 85 mm

Wat is die kans dat jy op 'n Saterdagmiddag by so 'n mooi landskaptoneel 'n trop skape sal kry wat deur 'n boer en sy skaapwagters van een plaas na 'n ander aangejaag word?

Dit het ons onlangs te beurt geval. Gelukkig weet elke fotograaf om sy/haar kamera altyd gereed te hou vir enige onbeplande toneel. En veral as jy op reis is, moet jy jou oë wawyd oop hou en gereed wees.

Desember – en vakansie – is vir baie van ons rus- en reistyd. Daarom hoop ons jy sal gedurende hierdie maand ook nuwe fotografie-geleenthede teëkom. In die lig hiervan gesels ons onder andere oor idees vir reisfotografie. Lees dus verder – en mag jy en jou geliefdes 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2020 hê.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Soos gesê was die voorbladfoto 'n verrassing – maar tog ook nie heeltemal nie. Die toneel is geskiet tussen Barkly-Oos en Elliot in die Oos-Kaap. Op reis van die eerste dorp na die tweede, en ryende in die rigting wat die skaaptrop beweeg, moes ons aanvanklik deur die trop sukkel-ry. Daar is niks so dom soos 'n skaap nie, veral as dit by 'n motor kom.

Ons doelwit was egter nie die skape nie, maar 'n landskaptoneel 'n paar kilometer verder aan. Ons het dus deur die trop gery en twee of drie kilometer verderaan stilgehou, sonder om verder oor die skape te wonder. Toe hulle ons dus uiteindelik wel inhaal was die geleentheid net daar. Die voorbladfoto is een van tien skaaptropfoto's.

Die kamera-instellings is niks ongewoon nie en word by die foto gegee. Gelukkig was daar reeds 'n zoemlens aan die kamera. Soos die skape nader aan die kamera gekom het, kon die fotoreeks dus maklik geneem word.

Lees ook verder meer oor die fotografering van diere.

algemene RIGLYNE

vir dier- fotografie

★ Onderskei tussen **maklike** en **moeilike** diersoorte, soos gesien vanuit die oogpunt van 'n fotograaf:

- ✓ Met **maklike diersoorte** word diere bedoel waarvan die beweging stadig en/of redelik voorspelbaar is. Voorbeelde hiervan is: nievlieënde goggas, wurms (soos sywurms), mak diere (soms, soos 'n slapende hond of kat), skilpaaie, diere in hokke en sommige tuinvoëls.
- ✓ Met **moeilike diersoorte** word diere bedoel waarvan die beweging vinnig is en/of moeilik voorspelbaar is. Voorbeelde hiervan is: vlieënde tuininsekte en ander goggas, mak diere (byna altyd, soos besige honde of katte), voëls en ander wilde diere (byna almal).

★ Kom in oefening met die **maklike** diersoorte en moet jou nie te gou waag aan die **moeilike** diersoorte nie.

★ Hou vir 'n begin by die bekende tegnieke (gebruik 'n driepoot, fokusseer met die hand en gebruik die kamera se met-die-hand instellings). As jy voel jy is baas van die saak, kan jy verder gaan en jou kamera en driepoot op die geskikste manier gebruik.

★ Wees bewus van die basiese leefwyses van dié diersoorte wat jy wil fotografeer. Besef dus dat jy 'n naguil nie in die dag moet soek nie en 'n bloukoppkoggelmander nie in die nag nie. Of dat jy betyds moet wees vir los skape.



besondere RIGLYNE

vir dier- fotografie

*Vir ons doel kies ons as voorbeeld maklike, of relatief maklike, diere, byvoorbeeld 'n hond in 'n tuin of 'n aangejaagde trop skape.
Volg die volgende strategie:*

Vooraf: Doen deeglike beplanning, oorweeg die samestelling van die tonele en berei jou goed voor vir die fotosessie. Begin met 'n driepoot. As jy bedrewe raak en voel die driepoot is onnodig, gebruik dit dan met tœ pote as 'n eenpoot of laat dit eenkant op sy drie pote staan. 'n Helper sal handig wees.

Tipe lens: Begin met die standaard 18-55 mm lensstelsel of 'n langer lens (byvoorbeeld 70-300 mm). Verander van lens of zoemstelling (byvoorbeeld 120 tot 70 mm by die skaaptrop) as dit nodig mag word.

Formaat: Oorweeg landskapformaat vir 'n begin.

ISO: Begin met die laagste ISO-stelling en pas aan soos nodig.

Witbalans: Moenie vergeet van die witbalans nie.

Fokuspunt en fokussering: Besef dat die fokusseringspunt voortdurend kan beweeg. Bestudeer dus die omstandighede en wissel tussen met-die-hand-fokussering en outomatiese fokussering. Berei jou dus voor op beide.

Lensopening en sluiterspoed: Die voorkeur-keuses A/Av en S/Tv sal moontlik die beste beginstellings wees. Laat die foto-uitbeelding jou lei in die keuse van wat eerste moet wees. Pas aan soos nodig, ook na met-die-hand, M.

Fyn fokussering: Besef dat wat skerp moet wees skerp is. Gebruik die kamera se verskillende outomatiese fokusseringsmoontlikhede; en hou met-die-hand-fokussering steeds in gedagte.

Dink wyd (en op jou voete): Wees reg vir die onverwagse tonele en bewegings. Die voorbladfoto verduidelik die saak.

algemene *idees* vir vakansiefoto's

*Jy gaan op vakansie; jou kamera en driepoot gaan saam. Waar begin jy met jou fotografie?
Laat die volgende algemene opmerkings jou help.*

- ★ Sorg dat jou kamera, lense en driepoot skoon is en dat alles in 'n werkende toestand is.
- ★ Neem meer as een battery saam en sorg dat dit gelaai is (en gereeld gelaai bly terwyl jy op reis is). Moenie vir 'n skaap uitgevang word nie!
- ★ Soek vooraf idees vir vakansiefoto's en moenie net voortstorm en hoop vir die beste nie. Dink aan haalbare (maklike) onderwerpe, soos blomme, sons-
ondergange en mense.

- ★ Soek vooraf op internet foto's van die omgewing waarheen jy gaan, veral as dit 'n nuwe en vreemde omgewing vir jou is. Maak selfs vir jou 'n PowerPoint-aanbieding daarvan.
- ★ Hou jou kamera reg tydens jou reis. Die vooraf-instellings sal afhang van die tipe fotografie, byvoorbeeld voëls, geboue of landskappe.

- ★ Dink aan onderwerpe waaraan min ander mense sal dink, byvoorbeeld sonkolle in landskappe, impressionistiese foto's of plaasimplimente en -masjinerie.
- ★ Hou vir alle foto's die leuse "Fotografeer die lig!" in gedagte. Raadpleeg November se *Fotografienuus* vir meer inligting hieroor. Die foto hierby wys hoe.
- ★ Reis ontspanne en veilig en geniet jou fotografie.

Fotowerke vir vakansiefoto's

Moenie die klein dingetjies op reis miskyk nie – daar is dalk net 'n juweel iewers.

Hierdie foto is geneem by die gastehuis op die plaas Tienfontein tussen Zastron en Rouxville in die Suidoos-Vrystaat. Die gastehuis is die oorspronklike plaashuis, nou pragtig gerestoureer. Dit het die wonderlikste binneversierings.

Dekor kan interessante stillewes gee; moet ook nie vergeet hoe lig dit kan beïnvloed nie!

Let veral op na die ou plaastelefoon. As jy nog so iets onthou, stuur vir ons 'n nota (en dalk 'n foto).



As jy na 'n sekere dorp of stad op reis is, doen die moeite om jouself vooraf voor te berei deur meer oor die plek en sy mense te wete te kom.

As jy dalk die vakansie na die dorpie Redelinghuys in die Wes-Kaap gaan, doen die moeite om vooraf iets te wete te kom oor die tannie wat almal by haar huisvenster beloei. Maar pasop dat sy jou nie met jou kamera vang nie!

Jy is op reis en jy het baie foto-voornemens. Maar terwyl jy reis is jy gefrustreerd. Daar is niks om af te neem nie!

Is daar niks? Soek jy dalk na "mooi" tonele in die Karoo? Soek jy dalk na regte dinge op verkeerde plekke?

Begin met 'n ander instelling (in jou kop, nie jou kamera nie). Besluit op moontlikhede soos lyne, windpompe, treinspore, plaashekke, skaduwees. Jy sal wel gou iets kry.

Die foto hierby toon een moontlikheid met skaduwees en lyne.



Towerlantern Fotografie
- desember 2019 -

KOMPETISIE: MAAK JOU KEUSE

In ons vorige *Fotografienuus* het ons genoem dat ons fotografievriend Sampie Stoffberg dit geniet om met sy hommeltuig foto's vanuit die lug te neem. Ons het die meegaande foto's gepubliseer en vir die volgende gevra: Kies

- ✓ die een foto waarvan jy die meeste hou en
- ✓ die een foto waarvan jy die minste hou.

In albei gevalle moes die keuses *goed gemotiveer* word.

Towerlantern se paneel het hieroor besluit en het die volgende keuses gemaak:

- ✓ Die gunstelingfoto: Foto 5
- ✓ Die minsgunstelingfoto: Foto 3

Baie dankie vir almal wat deelgeneem het. Dit is vir ons 'n plesier – en met dank aan Sampie Stoffberg – om die prys toe te ken aan Lydia le Roux van Eendekuil. Baie geluk Lydia!

Lydia gee die volgende beskrywing:

Ek hou die meeste van foto 5. Hierdie foto trek onmiddellik die aandag en hou dit, al ondersoek ek ook al die ander op eie meriete. Alhoewel die sterk fokuspunt (son) nie 100% op die vertikale derde lê nie, is dit darem nie reg in die middel nie. Die horison (land) lê wel mooi op die onderste horisontale derde en dit maak 'n sterker impak as foto 6. Die foto vertoon die diagonale lyn van die wolke die beste en dit verhoog die aanskoulikheid van die hele prentjie. Daar is horisontale lyne wat herhaal en ... dit dra by dat die toneel terselfertyd rustig vertoon en tog impak het. Vergeleke met nommer 4, waar die komposisie ook bevredig, dink ek dat die sterk kleurkontras in nommer 5 sorg vir 'n wenner. Dit is tradisioneel komplementêre kleure – oranje en blou.

Ek hou nie van foto 3 nie. Die hoë horison kap die maan af, wat dalk eintlik sou kon help om die foto beter te laat lyk. Die goeie impak van die ligte op die horison en diagonale lyne wat help om die oog in die foto te lei, word gekanselleer deur die enorme dooie stuk swart wat amper 'n derde van die foto beslaan. Daar is eintlik ook nie veel meer te sê daaroor nie. Die enigste waarde van die foto bestaan eintlik net daarin dat dit 'n stuk aarde op 'n spesifieke tyd en plek weergee sonder om 'n kunswerk te wil wees, soos sy maat nommer 2 sou kon.



KOMPETISIE: MAAK JOU KEUSE

Ons wil graag erkenning gee aan die kommentare van die ander deelnemers; ook ter wille van ander lesers wat uit die kommentare iets kan leer.

Oor die beste foto

JOAN NEL: Laat jou oog gly oor al die foto's soos hulle in die groep verskyn en jy sal vind hy steek outomaties by nommer 5 vas want die foto LEWE en tog terselfdertyd word die rustigheid van die sonsondergang ook vasgevang. Die ligweerkaatsing helder die foto op en jou oog volg die weerkaatsing in die water en selfs ook die horison en wolkebank en wolke met sy s-lyn na die fokuspunt naamlik die son.

MELINDA DU TOIT: Die mooi maan wat gefotografeer is speel die "hoofkarakter" van foto 2. Sy is PRAGTIG. Sy lyk sag en amper soos in 'n sprokie. Die hele foto spreek onmiddellik tot my en laat my verbeelding gaan. Wat het nie alles op die oomblik waarop die foto geneem is daar onder die liggies gebeur nie? En wat het nie op daardie spesifieke oomblik in die skaduwees gebeur nie ... Elke ligkolletjie (en in teenstelling die skadukolle) verteenwoordig belewenisse

op die moment wat die foto geneem is en slegs die "hoofkarakter" – die sagte maan – is 'n stille getuie van stories wat hulself daar ver onder afspeel. Die komposisie van die foto is ook wat my aanbetref so mooi met die "kometers" van liggies en swart skaduwee wat 'n eerste laag vorm en dan die lug wat ook lë maak van lig na donker met die mooie maan as "hoofkarakter" in die middel. Die foto wek 'n opgewonde emosie by my op.

TERSIA ANDREWS: Die beste foto is nommer 5: Dis Afrika!

Oor die swakste foto

JOAN NEL: Laat jou oog weer gly oor die foto's in die groep en jy vind dat jou oog moet terugkyk na nommer 1 om te kan onthou wat jy gesien het. Daar is niks wat jou oog bind of opgewonde maak om te onthou wat dit waargeneem het nie. Dit is net nog 'n foto.

MELINDA DU TOIT: My mins geliefde foto is nommer 4. Wanneer ek na hierdie foto kyk kom die woord VAAL by my op. Niks in die foto laat enige emosie loskom nie. Nie eens emosie-belaaide woorde soos verlate, onherbergsaam of somber pas hierby nie. Dit is gestroop van enige sinvolle reaksie-ontlokking. Die spreekwoord lui, "water is lewe", maar selfs die water wat klaarblyklik van die sluise stroom, lyk soos versteende watter. Niks dui vir my op beweging of lewe nie. Nie iewers eers 'n mens of 'n voëltjie of 'n eendjie of 'n bootjie nie ... Net NIKS... Wat meer is, ek kan nie enige bewys vind van uitnemende fotografie in hierdie foto nie. Indien enige persoon 'n kamera op hierdie hoogte kan opneem vir 'n helikopter-visie, vermoed ek sal enige persoon so 'n foto kon neem.

TERSIA ANDREWS: Die swakste foto is nommer 3 weens die donker voorgrond.

Hoe lewer mens *opbouwende* kommentaar?

Vra jouself af

1. Wat werk?
2. Wat werk nie?
3. Wat kan beter
gedoen word?

HOE LEWER JY KOMMENTAAR OP 'N FOTO?

Hoe lewer mens opbouwende kommentaar ten opsigte van iemand se foto? Ons sien gereeld hoe mense se foto's (of ander kunswerke) uitmekaar getrek word – veral op sosiale media.

Ons het hierdie goeie raad op die Facebook-blad van South African Graphic Designers (<https://bit.ly/2O1hG41>) gesien, soos ingestuur deur Timothy Barry Stuurman:

When asked to critique a piece of work your responsibility should be 3 fold, each part as important as the next. These are:

- ✓ Praise
- ✓ Correction
- ✓ Improvement

To achieve this in any composition under scrutiny, consider:

- ✓ What works?
- ✓ What doesn't work?
- ✓ What can be done better?

This is the essence of constructive criticism.



Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos hou jaarliks hul Moorivier Kersmark. Hierdie jaar van 29 November tot 7 Desember (Sondag 1 Desember uitgesluit). 'n Groot verskeidenheid artikels word te koop aangebied. As jy dus begin dink aan Kerstgeskenke, hou dit in gedagte.

Datum: 29 November tot 7 Desember • Tye: 9:00 tot 20:00 • Plek: Rocherstraat 75, Bailliepark

2020-KURSUSSE VAN TOWERLANTERN FOTOGRAFIE

Eerstevlakkursus: Ons beplan om gedurende 2020 weer die gebruikelike eerstevlakkursusse aan te bied. Inligting sal nog uitgestuur word.

Selfoonkursus: Ons besef watter groot rol selfoonkameras deesdae speel. Daarom het ons gedurende die afgelope maande reeds 'n paar selfoonkamera-kursusse aangebied. Ons sal DV in die toekomst nog meer aandag aan dié saak wil gee.

Gevorderdevlakkursus: Soos gedurende die afgelope paar jaar beplan ons ook twee gevorderde kursusse gedurende 2020. Aandag word in hierdie kursusse aan 'n wye verskeidenheid fotogenres gegee. Inligting sal binnekort uitgestuur word.

Spesialiskursus: Ons het gedurende 2019 ook met 'n derdevlakkursus begin en ons beplan om dit DV volgende jaar voort te sit. Inligting oor hierdie kursus, ook die bepaalde onderwerpe, sal vroeg in 2020 uitgestuur word.

Aanlynkursusse: Beide die eerstevlak- en gevorderdevlakkursus is permanent aanlyn beskikbaar. Die voordele van dié kursusse is dat jy (binne perke) dit op jou eie tyd kan doen. Omdat dit aanlyn is, kan jy dit doen waar jy ook al in die wêreld bly – solank jy net Afrikaans ken.



SPESIALE KURSUSTARIEWE GEDURENDE DESEMBER

Met Kersfees om die draai is enige van ons kursusse aan te beveel as Kersgeskenke. Al die kursusse (behalwe die spesialiskursus) kos tydens Desember die spesiale tarief van R1000 per kursus (bepalings en voorwaardes geld). Die verdere bepaling is:

- ✓ In elke geval geld die spesiale tarief vir die eerste 10 inskrywings.
- ✓ In elke geval moet minstens die deposito van R500 reeds in Desember betaal word.

Towerlantern Fotografie
- desember 2019 -